Geliefde Lourensrivierder

Vandag wil ek sommer net ‘n stuk mooi met jou deel wat my weer twee keer laat dink het:
Heer met die liefdevolle hart, maak my hart ook so;
Heer met die sagte hande, laat my aanraking ander vertroos;
Heer met die gewillige voete, stuur myne in die rigting waar iemand op hulp wag.
Here, maak my so deursigtig dat mense skaars van my sal weet, maar agter my vir U sal sien.
~ Anoniem~
BRON: https://t.e2ma.net/message/5se70c/h2l8lf

NUUSKRUMMELS: 2 AUGUSTUS 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

KINDERKERK:

Liewe ouers, hier is ‘n paar foto’tjies van jul pragkinders by **Belofteland & Dinamiet Kiedz** sodat jul kan sien hoe hul dit geniet en hoeveel liefde, opoffering en bydraes daar is vanaf die leiers se kant. Ons vra dat jul groooot asseblief belê in jul kinders se geestelike lewe en toekoms deur hul elke Sondag te bring. Al is daar net 1 kindjie, sal ons steeds ons alles gee, maar dit is BAIE lekker om Jesus se liefde uit te deel aan vele ❤♫

Gaan kyk ook gerus na meer foto’s op Dinamiet Kiedz se FB Blad of Lourensrivier se FB Blad (LIKE ook sommer die blaaie sodat jul op hoogte kan bly van alle pret en plesier):
https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/
https://www.facebook.com/OorgeeOmgeeAangee/

KENNISGEWING:

KERKKANTOOR SAL GESLUIT WEES OP 10 AUGUSTUS AS GEVOLG VAN SKOOLVAKANSIEDAG

LOURENSRIVIER VOEDSELFEES 2018: SAT. 1 SEPTEMBER 2018
(HIERDIE JAAR HET ONS FEES 'N BASAARHART♫♫)

Ons woeker sommer nou al, so indien jy iewers wil help of betrokke raak, kontak asb vir:
Gerda de Villiers – 021-8547191 / 0824664766
Apolonia Maritz -021-8537560 / 0825077091

Bydraes kan in die vorm van produkte (by kerkkantoor) of kontant gegee word.
DAAR SAL WEL DIENSWERKERS WEES WAT IN DIE WYKE RONDGAAN MET LYSTE, INDIEN JUL NIE BY KANTOOR KAN UITKOM, MAAR STEEDS WIL BYDRA.

VIR EFT'S/FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier; ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312); Rek. Nr. 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kerkkantoor per e-pos: fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing (Naam & Basaar)
Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

Groete, Voedselfeeskomitee

JY IS OOK WELKOM OM ONS WOEKERHOEKIE VIR FONDSINSAMELING TE ONDERSTEUN:

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

DIe Afrikaanse Bybel vir Vroue is 'n besondere Bybel met meer as 50 kleur bladsye met bykomende materiaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is.
Dit is beskikbaar teen R249 (NETT).
Vir navrae of bestellings:
Kliek op die skakel om ons aanlyn katalogus te sien!
https://www.biblesociety.co.za/index.php/take-action/bible-shop

Vriendelike groete!

Karin Hanekom
sales representative
021 910 8721
084 621 8038

134 Edward Street, Bellville
www.biblesociety.co.za

NUUS UIT ONS GEMEENSKAP:

ACVV
www.acvv.org.za

ACVV STRAND – LENTE ONTBYT

KOM GENIET DIE OGGEND MET 'N HEERLIKE 3 GANG ONTBYT EN GOEIE VERMAAK DEUR DEON KING.

GELUKKIGE TREKKINGS GAAN PLAASVIND.
BRING GERUS U WEDERHELFTE SAAM OM TE DEEL IN DIE PRET.

KAARTJIES IS BY DIE ACVV STRAND KANTOOR BY 15 DE VILLIERSTRAAT, STRAND BESKIKBAAR.

Datum: 1 September 2018
Jacqueline Dippenaar
Boekhouer, ACVV Strand

TEL: 021 854 7215
strandadmin@acvv.org.za

BESIGHEIDSNETWERK:

"Sterk manne in moeilike tye" is die tema van ons volgende sakebyeenkoms, met Eric Tocknell, stigter van die Wimpygroep,

16 Augustus by Barnyard Willowbridge.

Toegang is gratis maar bespreking noodsaaklik. Sien jou daar!

VERSORGER BESKIKBAAR:

Nuwe intrekker en dringend op soek na "Caring Job"
Versorging van persone wat nie selfversorgend is nie. Doen alles, selfs kosmaak.
Afri/Eng baie vlot. Het baie ondervinding en opleiding - was so pas 7 maande in Engeland.
Geregistreer by Caring Maatskappy. Skakel my asb direk vir inligting. Ook op whattsapp.
Baie dankie, Here seën.
SANDY NOLTE 0747124985, Kusweg, Strand

BERG 80 VERJ: AUGUSTUS 2018

Nell	Hermanus	08/03	91
Kies	Marguerite	08/06	82
Meyer	Nella	08/07	81
Liebenberg	Lydia	08/16	94
De Kock	Truida	08/20	85
Schoeman	Aquila	08/26	85
Mostert	Myra	08/29	86

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Regstelling: Twee name was per ongeluk nie op ons Junie se verjaarsdaglys nie:
Ingrid de Kock – 06/18 (81)
Joanie Botes – 06/19 (80)

Jes. 40;29-31: Hy gee die vermoeides krag,
Hy versterk die wat nie meer kan nie, die wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en word nie afgemat nie.

KNIEWERK

- Paul Louw (kanker)
- Ons innige meegevoel met Carla Briedenhann en familie met die skielike heengaan van haar pappa
- Donald v Rensburg in ICU (hartaanval)
- Lenie van Zyl sterk aan in Spescare
- Hennie Barnard in Vergelegen Mediclinic- nier verwyder
- Ons loof die Here en dank Hom vir nog reën wat Hy sal stuur en dam vlakke wat verder sal styg.
- Ons bid dat die gemeenskap steeds water sal bespaar.
- Bid vir ons land se leiers

FOKUSTEKS VAN WEEK: JOH 6:24-35
(11DE WEEK IN KONINKRYKSTYD – TEKS VIR 05 AUGUSTUS SE BOODSKAP, LUKAS 24 - GERHARD ENSLIN)

Opsomming uit Joh 6:24-35, deur Willem Botes

Ons is dikwels fisies en geestelik honger en soek dan op ander plekke na hulp en iets om ons honger te stil – materialisme, finansies, persoonlike voorspoed, ens. Probleem: ons wil baie keer vir Jesus as 'n middel gebruik om iets in die hande te kry, sonder om Hom as die Enigste en Ware Verlosser te sien. Ons soek rus in ons lewe en jaag na soveel dinge om hierdie honger na vrede en rus in ons te stil, maar is nie altyd bereid om dit in en by Jesus te soek nie. Tog is dit so duidelik wat Jesus vir ons sê: "Ek is die brood wat lewe gee." vs 35, nie Sy leringe nie; nie Sy voorbeeld nie; selfs nie eers Sy gawes nie. Nee, Hyself is die brood wat lewe gee! Hierdie lewensbrood is hier, dis beskikbaar – gratis en verniet en dis genoeg vir elkeen van ons.

Dis totaal onnodig om langer honger te bly, immers:

- ♥ Hy laat jou by 'n feesmaal aansit,
- ♥ terwyl jou teëstanders moet toekyk.
- ♥ Hy ontvang jou soos 'n eregas,
- ♥ jy word oorlaai met hartlikheid.
  (Ps. 23:5)

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier